Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

November 2017

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

www.gksa.org.za

Suid-Afrika en die Hervorming

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Dr. J Lion-Cachet
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm (omslag buite agter)

Intekengeld word jaarliks aangepas. Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word. Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

JAARGANG 119, NO. 3318 - November 2017
Voorblad: die Hugenote-monument in Franschhoek

INHOUD

1 VAN DIE REDAKTEUR
Suid-Afrika is ondenkbaar sonder die Hervorming

4 UIT DIE WOORD
Gee julleself aan God as lewende en heilige offers

6 REDAKSIONEEL
Die Godsbeskouing van 'n Gereformeerde

8 BRANDPUNT
Christus verskuif sy kerk uit haar gemaksone

FOKUS
10 Kerkhervorming en erediens
13 Die erediens: ontmoeting met die lewende God
15 Martin Luther – "Hier kan 'n mens 'n kort en afgeronde orde daarstel ..."
18 Reformasie 500: die wonder van helende wonde

ANDER
20 Zambië – die bediening deur Thabazimbi
22 Pretoria-Montanapoort en die oorgrensland Namibië
24 Louis Trichardt 90 jaar oud
25 Reformasie 1517 in die Kerkmuseum
26 Finalejaar teologiese studente 2017

29 Personalia / Wel en Wee
Lief en Leed / Op die Kerkwerf
30 Kleinadvertensies

Die Godsbeskouing van 'n Gereformeerde

Die stelling kan gemaak word dat ons in 'n tyd leef waarin God minder word en die mens meer. Die mens glo al meer in homself en sy wetenskap. In die lewe van elke dag word daar nie meer met God rekening gehou nie.

Ons sien dit nie net in die samelewing, in die wetenskap en politiek ensovoorts nie, maar ook in die godsdiens. Die godsdienste waar die mens en sy vrye wil in die sentrum staan, groei welig en is gewild.

Waar kom al die oppervlakkige godsdiens van ons tyd vandaan?

Godsbeskouing

In die Oktoberuitgawe het een van die redaksionele artikels oor die mensbeskouing van 'n Gereformeerde mens gehandel. In hierdie artikel gee ons kortliks aandag aan die Gereformeerde Godsbeskouing.

Natuurlik kan ons alleen met groot huiwering en eerbied oor God praat. Calvyn stel dit ook in sy *Institusie* (1.2.2) dat ontsag en eerbied die grondslag vorm vir die kennis van God.

Die bekende teoloog Karl

Barth het van God gepraat as die "gans Andere". Barth was reg in dié sin dat die totale andersheid van God veral in ons tyd weer baie beklemtoon moet word. God is in die hemel. Ons is op die aarde. Ons is stof, met die asem in ons neuse. Hy woon in die ontoeganklike lig. "Met wie kan julle My vergelyk, aan wie kan julle My gelykstel, met wie kan julle My op een lyn stel, wie kan 'n vergelyking met My deurstaan?" (Jes. 46:5; lees gerus ook weer Jes. 40:12-26; Job 38-42).

Barth het egter eensydig die totale andersheid (transendensie) van God beklemtoon ten koste van sy kenbaarheid en teenwoordigheid (immanensie).

Belydenis

Uiteindelik kan ons oor God nooit uitgepraat raak nie. God het Homself immers aan ons geopenbaar soveel as wat ons nodig het tot sy eer en tot ons saligheid.

Ons het hierdie Selfopenbaring van God in sy Woord en in sy werke in die skepping. As ons daarmee erns maak, behoort ons lewe altyd weer uit te loop op aanbidding en lofsang. "O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en hoe onnaspeurbaar sy weë! … uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom kom die heerlikheid vir ewig toe!" (Rom. 11:33, 36).

Op grond van hierdie Selfopenbaring van God bely ons in Artikel 1 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis: "Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is."

Jesus Christus

Uiteindelik trek God se Selfopenbaring saam in Jesus Christus. Ons lees in Johannes 1:18: "Niemand het God nog ooit gesien nie; die enigste Seun, self God, wat teen die bors van die Vader is, Hy het Hom bekend gemaak." Hy sê Self in Johannes 14:9: "Wie My gesien het, het die Vader gesien."

Paulus skryf aan die Kolossense (2:2, 3): "Dit is my doel dat hulle harte, deur liefde verenig, bemoedig mag word en dat hulle kan kom tot die volle rykdom van allesomvattende insig, ja, tot die kennis van die misterie van God, naamlik Christus, in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is." "In Hom is die volle Wese van God … liggaamlik teenwoordig" (Kol. 2:9).

Calvyn (*Inst.* 2.9.1) praat van die Eniggeborene, wat vandag vir ons die glans van die heerlikheid en die uitdrukking van die Wese van God die Vader is. Hy verwys ook na 2 Korintiërs 4:6 waar ons lees: "… dit is Hy (God) wat in ons harte geskyn het om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, in die aangesig van Jesus Christus."

Wie nie in Jesus Christus glo nie, kan God dus nie ken nie. Wat die godsdienste van ons tyd betref, geld dit vir die Moslems, Hindoes, Boeddhiste, Jehovah-getuies, Mormone en alle godsdienste wat Hom nie as God en Verlosser bely nie.

En buite die godsdienstige wêreld geld dit vir die groeiende aantal ateïste van ons tyd en al die ongelowiges en agnostici, en al die duisende wetenskaplikes wat die wonder van die skepping mag bestudeer, maar blind is om daarin die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid te sien (Art. 2 NGB).

Hoe dankbaar moet ons nie wees dat God met die Hervorming van die 16de eeu weer die lig van sy Woord helder laat skyn het nie. En hoe moet ons Hom nie loof en dank dat Hy ons deur die Woord en die kragtige werk van sy Gees geroep het uit die duisternis tot sy wonderbare lig nie. Ons mag dit mos nooit vir onsself hou nie. CFCC

Prof. Hennie Goede (Teologiese Skool Potchefstroom)

Christus verskuif sy kerk uit haar gemaksone

Die kerk in haar gemaksone

As gemeentes verval ons maklik in 'n gemaksone. 'n Gemaksone is 'n plek of situasie waar ons as gemeente gemaklik is, waar ons voel ons is in beheer van sake, waar niks meer van ons gevra word as wat ons bereid is om te gee nie. Binne ons gemaksone raak ons naderhand selftevrede en voel ons al meer en meer onafhanklik.

Gemeentes bereik sulke situasies waar hulle dink dat wat hulle as kerk van Jesus Christus doen, vir hulle genoeg is, en daarom ook vir Hom. Dikwels bly hierdie "genoeg doen"-dinge by die uiterlike en formele aspekte van ons godsdiensbeoefening.

Ons Here Jesus se verskyning aan Johannes en die briewe aan die sewe gemeentes (Op. 1-3) leer ons egter dat Hy juis ons gemaksones verskuif, omdat Hy baie meer van ons eis as wat vir ons genoeg mag wees – Hy eis alles van sy volgelinge en sy kerk.

Jesus Christus in die midde van sy kerk

In Openbaring 1:9-20 beskryf Johannes die eerste visioen wat hy sien. Hy hoor iemand met 'n stem so hard soos 'n trompet praat, en toe hy omdraai om te sien wie dit is, sien hy sewe goue staanlampe. Tussen die staanlampe sien Johannes "Iemand soos die Seun van die mens", geklee in die heerlikheid en glansrykheid van God "soos die son wat op sy helderste skyn" (:16).

Dié Iemand is Jesus Christus, die Seun van die mens, Seun van God wat mens geword het. Hy is die lydende Kneg, maar ook die verhewe Koning wat verlossing vir sondaarmense bring. Hy is die Hoof van sy kerk en staan in haar midde in volle glorie en majesteit. Die sewe sterre in sy regterhand – die hand van bewaring – is die sewe leraars, en die sewe staanlampe is die sewe gemeentes aan wie Hy sy briewe rig (:20).

Die gemeentes met hulle leraars is egter ook simbool van die kerk van alle eeue op alle plekke in haar volheid: Christus hou haar in sy bewarende hand en leer haar deur die sewe briewe.

Wat is Johannes se reaksie wanneer hy vir Christus in die midde van sy kerk sien? Hy val op die grond neer asof hy dood is. Wanneer ons as gemeente in 'n gemaksone verval het, het die feit dat Christus steeds deur sy Gees tussen ons staan, net nie meer dieselfde impak nie. Trouens, ons sien Hom nie eers meer raak nie! Want Hy pas nie ons gemaksone nie. 'n Gemeente wat Christus nie meer tussen hulle raaksien nie, is nie meer sy kerk nie.

Jesus Christus verskuif gemaksones

Jesus Christus se briewe aan die gemeentes wys duidelik vir ons dat Hy sy kerk se gemaksones verskuif. Hy skryf aan hulle as die Een wat in hulle midde staan en Hy roep hulle tot verantwoording. Telkens wys Christus uit wat elke gemeente se gemaksone was:

- Efese het uiterlik en formeel baie gedoen, maar hulle eerste liefde – Christus self – verlaat.
- Pergamum het in sekere opsigte getrou gebly, maar in ander kompromieë met die wêreld aangegaan.
- Tiatira het in geloof en liefde geleef en tog kompromieë aangegaan, waarskynlik ter wille van ekonomiese oorlewing.
- Sardis het die reputasie dat sy lewe, maar eintlik is sy dood, want sy doen die uiterlike, formele dinge; daar is 'n gebrek aan geloof, hoop en liefde.
- Laodisea dink hulle is ryk, dat hulle as kerk van Christus genoeg doen, maar eintlik is hulle arm, blind en kaal – Jesus vergelyk hulle met lou water wat mense siek maak en uitgespoeg word.
- Van die gemeentes in Smirna en Filadelfia sê ons Here niks slegs nie, maar Hy waarsku hulle om nie aan die versoeking van ontrouheid te midde van vervolging toe te gee en so in 'n gemaksone te beland nie.

Jesus Christus staan in die midde van sy kerk en roep haar op tot bekering uit haar gemaksone, want Hy eis baie meer as waarmee sy kerk tevrede is. Christus wil dat sy kerk verby die uiterlike, formele dinge moet beweeg na waar sy juis ongemaklik is: tussen die armes en onderdruktes in ons gemeenskappe, tussen ongelowiges wat nog nooit van Jesus en sy verlossingswerk gehoor het nie, tussen mense wat ander gelowe aanhang en nie die ware God ken nie, tussen mense wat kerkloos of kerklos geword het, tussen mense wat in die gebrokenheid van hierdie lewe smag na hoop – hoop wat alleen in Jesus te vind is.

Gaan lees gerus weer in die Evangelies: dit is presies waar Jesus tydens sy aardse bediening te vind was. Hy het immers nie aan sy Godheid vasgehou nie, maar mens, slaaf, geword sodat mense in Hom liefde kan ervaar en hoop kan hê. Dit is onmoontlik om sy liefde en hoop te bedien as ons as gemeentes in ons gemaksones bly!

Waarheen verskuif Christus julle gemaksone?

Met 2018 om die draai is dit nou 'n goeie geleentheid vir gemeentes om selfondersoek te doen. Sien ons werklik nog vir Jesus Christus in die midde van ons gemeente raak, of is ons siende blind omdat Hy nie in ons gemaksone pas nie? Wat is ons gemaksone(s) as gemeente? Gebruik ons die prediking om ons gemaksones in stand te hou, of word ons daardeur uitgedaag om uit ons gemaksone te tree? Wat dink ons is genoeg, terwyl Christus baie meer van ons eis? Waarheen wil Hy ons gemaksone verskuif sodat ons werklik sy liefde en hoop aan mekaar en die wêreld kan bedien?

Mag ons Here elke gemeente bring na waar Hy hulle wil hê! DK

EUREKA
Apteek • Kliniek
JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSGT
Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM
Ons ondersteun graag Die Kerkblad

Prof. JH (Amie) van Wyk (emeritus)

Die erediens:

ontmoeting met die lewende God

In ons herdenking van die Reformasie van 500 jaar gelede, word baie klem gelê op die dogmatiese dwalinge wat daardie tyd in die Rooms-Katolieke Kerk bestaan het. En dit is inderdaad belangrik om hieraan aandag te bestee. As ons sig op Christus verduister word deur Maria-verering en aflate; as ons geloof en die genade van God aangevul moet word met bykomstige goeie werke van die mens; as die Skrif nie meer die hoogste norm is en die laaste woord te sê het nie, maar aangevul moet word met konsiliebesluite en pouslike uitsprake; en as in dit alles God nie meer die eer ontvang wat Hom alleen toekom nie, loop alles skeef: die totale erediens, ja, die ganse Christelike lewe.

Die wese van 'n erediens gaan oor die ontmoeting met die lewende God, die God wat Hom in sy oneindige genade in Christus tot ons gewend het, onder ons kom woon het, en deur sy Gees ook in ons woon. Daarom word elke erediens gekleur met lof- en danksegging.

Die erediens

Dit is dus begryplik waarom 'n *preek* so 'n belangrike plek in 'n Skrifverantwoorde erediens inneem. Woordverkondiging is egter evangelieverkondiging, verkondiging van die goeie boodskap van God se groot genade in Christus wat in ons harte deur die Heilige Gees ingedra word. Daar is geen plek vir 'n boodskap oor die goedheid van die mens of dat mens-like prestasie enigsins 'n bydrae tot sy verlossing kan lewer nie.

In die Genève van Calvyn is daar baie gepreek, elke Sondag, soms meermale, ook in die week en in talle kerkgeboue in Genève. Die Woord kan nooit genoeg bedien word nie,

In sy artikel oor Kerkhervorming en erediens vestig dr. Wim Dreyer tereg ons aandag op die belangrike plek wat die reformasie van die erediens in die teologie van Calvyn ingeneem het. Die ganse Bybelse boodskap vind immers uitdrukking in wat in 'n erediens gebeur, in die prediking, die gebed, die lied, die doop en nagmaal. As die teologie skeef ontwikkel, ontwikkel die liturgie ook skeef. As die teologie aan die Skrifwaarheid vashou, vind die liturgie ook 'n suiwere uitdrukking.

het Calvyn geoordeel. En dis ook te verstaan as ons daaraan dink dat in sy tyd weinig evangeliebediening plaasgevind het, en dat Latyn die voertaal van die kerk was.

Die *gebed* het ook 'n belangrike plek in die erediens ingeneem. Calvyn het die gebed in Latyn afgeskaf en weggedoen met gebede wat tot heiliges gerig is. Gebed is die asemhaling van die siel, dit bestaan in verootmoediging voor God, verheerliking van sy Naam, danksegging vir sy goedheid. Waar in die Bybel vind ons die gebruik dat tot heiliges gebid en hulle aangeroep word? Dit is 'n misstand wat dadelik afgeskaf moes word.

Ook die *kerklied* het 'n vernuwing ondergaan. In plaas daarvan dat lidmate passief na 'n koor moes luister wat nog in Latyn gesing het, het die hele gemeente nou gesing en is die Psalms in Frans vertaal sodat die gelowiges in hulle moedertaal kon sing. In 'n erediens gaan dit tog oor die aktiewe deelname van die gemeente, en nie oor passiewe toeskouers wat 'n vreemde taal hoor en net moet toekyk nie.

Calvyn het die groot waarde van die Psalms as kerklied herontdek en opnuut ontgin. In die Ou-Testamentiese Psalms het hy die Christus van die Nuwe Testament ontdek. In Christus het ons tog te doen met God se finale openbaring aan ons.

Hierdie ontwikkelings bring ons onder die besef van die belangrikheid van taal, veral jou moedertaal. Die Godsvolk Israel het die Here nie in 'n vreemde taal geloof nie, maar in hulle moedertaal, Hebreeus. Nuwe-Testamentiese gelowiges het die Here in 'n vir hulle bekende taal, Grieks, geëer en aanbid.

In die tyd van die kerkvader Augustinus, 1600 jaar gelede, was Latyn die wêreldtaal en kerktaal – ook vir eeue daarna. Die Latynse Bybelvertaling, die Vulgaat (4de eeu), het vir eeue gedien as die mees gebruikte vertaling.

Dit is bekend dat in die tyd van die Reformasie die kerkhervormer Martin Luther dadelik die Bybel in Duits vertaal het. Wat 'n gelowige hoor, sing en bid, moet nie maar net leë klanke wees nie, maar woorde met inhoud en betekenis. Vir 'n sinvolle erediens is dit baie belangrik.

Ook wat die *sakramente* betref, het daar verandering ingetree. Doop en nagmaal is wel genademiddels, maar die genade word nie daardeur (outomaties) in ons harte ingestort nie. Dit is tekens en seëls wat ons die belofte van die evangelie – naamlik vergewing – nog beter laat verstaan en beseël. Die nagmaal is ook bedoel om deur die hele gemeente onder beide tekens van brood en wyn gebruik te word.

Hoewel Calvyn hom beywer het vir die weeklikse gebruik van die nagmaal, moes hy uiteindelik vrede maak met 'n maandelikse viering. Die doop is ook nie 'n sakrament wat bedoel is om in privaathuise bedien te word nie, maar in die midde van die gemeente. Dit is 'n teken van die verbond waardeur 'n kindjie in die gemeente van Christus en dus in Christus self ingelyf word.

Ten slotte

Uit die bostaande word dit duidelik watter noue band daar tussen teologiese insigte en liturgiese belewing is. As daar skeefgroei in die teologie plaasvind, beïnvloed dit die erediens nadelig. Omgekeerd, as dinge in liturgiese belewenis verkeerd gaan, het dit meesal 'n negatiewe uitwerking op die teologie.

Die Reformasie van die 16de eeu het ons geleer dat die verlossende genade van God in Christus en die vernuwende werk van die Heilige Gees, wat ons alles in die geloof aanneem, die hoofsaak van die evangelie uitmaak, ja, die hoofsaak by elke erediens en by alle teologie is. DK

Ds. Neville Boy (Thabazimbi)

Zambië – die bediening deur Thabazimbi

Agtergrond

Die laaste Gereformeerde predikant wat 'n beroep aanvaar het na Zambië, was ds. LAS van Wyk. Hy het die gemeente van Lusaka bedien vanaf 1966-1967. Daarna was daar van tyd tot tyd oor die jare predikante wat soontoe gegaan het, maar baie sporadies.

Die eerste georganiseerde bediening van die lidmate in Zambië het vanaf 1993 plaasgevind toe Klassis Translimpopo die Geref. Kerk Chinhoyi versoek het om die lidmate van Zambië onder KO Artikel 39 te bedien. Hierdie bediening het ses jaar geduur tot my vertrek daar in 1999. Daar was toe al 'n redelike hoeveelheid Gereformeerde lidmate in Zambië en die Geref. Kerk Lusaka is vir 'n kort tydjie daarna herstig onder leiding van die Geref. Kerk Pretoria.

Een van die groot probleme waarmee 'n mens in Zambia sit, is die feit dat nie almal soontoe kom om hulle daar te vestig nie. Daar was en is nog steeds mense wat deur 'n Suid-Afrikaanse maatskappy soontoe gestuur word, maar na drie of vyf jaar trek hulle

Neville Cloete (links) saam met Frik en Sanet Wilson van Livingstone.

weer terug Suid-Afrika toe. Dit het gemaak dat die nuut herstigte Geref. Kerk Lusaka nie 'n lang lewensduur gehad het nie.

Die destydse Part. Sinode Noord-Transvaal het die bediening van die lidmate in Zambië behartig, en spesifiek die gemeentes Dendron, Pietersburg-Suid en Koedoesrand was daarby betrokke. Later het net Koedoesrand oorgebly. Op hierdie tydstip is ek self versoek om 'n besoek aan Zambië te bring, dit was in 2008, en aan die einde van daardie jaar met die samesmelting van Thabazimbi en Drieviersboom is die bediening van die lidmate in Zambië deur Thabazimbi oorgeneem.

Sedertdien bedien die Geref. Kerk Thabazimbi die lidmate in Zambië onder KO Art. 39, en word hulle beskou as lidmate van hierdie gemeente.

Die Zambiese bediening

Daar is op hierdie stadium drie bedieningspunte in Zambië. Die grootste een is in Lusaka en omgewing waar die meeste lidmate woonagtig is. Ons het vier besoekpunte in die Lusaka-omgewing. Daar is ook twee besoekpunte op Livingstone, en twee op Mkushi. Hierdie is die lidmate wie se attestate formeel by

ons op Thabazimbi is. Daar is nog ander Gereformeerdes in Zambië waarvan ons bewus is, en hulle word ook besoek wanneer die predikant soontoe gaan. Sommige van hulle is bewus daarvan dat hulle net vir 'n kort tyd daar is en hulle attestate bly by die gemeentes waar hulle oorspronklik vandaan kom.

Ek besoek, sover moontlik, drie maal per jaar die lidmate in Zambië. Twee besoeke aan Livingstone en Lusaka, wat tydens een besoek plaasvind, en dan een besoek aan Mkushi. Die Livingstone/Lusaka-besoek begin Dinsdag waar daar na Livingstone toe gevlieg word, huisbesoeke gedoen word, en op die Woensdagaand word daar 'n diens gehou. As die ouderling van Lusaka daar kan wees, dan word daar ook Nagmaal bedien. Donderdag word daar gevlieg na Lusaka, en dan word daar in Lusaka en Chisamba (so 100 km noord van Lusaka) besoeke gebring en op die Sondag daar diens gehou. Daar word ook by een of selfs albei besoeke Nagmaal bedien.

Iets wat duidelik uit my besoek na vore kom, is die behoefte wat ander Afrikaanssprekende lidmate het aan huisbesoek. Daarom is die huisbesoeke wat by elkeen van hierdie besoeke gebring word, nie alleenlik aan Gereformeerde lidmate nie. Lidmate van ons susterskerke word ook besoek, en vertroos en bemoedig waar dit nodig is. Waar moontlik, woon hierdie mense ook ons eredienste daar by.

Daar word ook eenkeer 'n jaar 'n besoek aan die lidmate van Mkushi gebring. Mkushi is so 300 km van Lusaka af, noordoos daarvan. Ek vlieg gewoonlik op 'n Woensdag Ndola toe en bring een nag daar deur, waar daar mense in Ndola besoek word. Donderdag word ek opgelaai en ry ek na Mkushi toe waar daar weereens lidmate en ander mense besoek word met 'n diens die Sondag. Weereens woon die ander lidmate ook die diens by. Die reiskostes tydens elkeen van my besoeke aan Zambië word betaal deur die lidmate van Zambië self.

Die oorgrote meerderheid lidmate in Zambië boer of is by boerderybedrywe betrokke. Net soos hier, het dit die afgelope paar jaar sleg gegaan, met baie droeë jare wat hulle beleef het saam met swak oeste. Water wat gewoonlik volop is, was nie altyd beskikbaar nie. Op die huidige oomblik is die prys van mielies en koring baie sleg, soveel so dat sommiges nie eers koring vir die winter geplant het nie. Daar word beweer dat daar 'n oorskot mielies is as gevolge van die afgelope seisoen se goeie reën en nou is die prys ook swak.

Zambia se ekonomie word baie bepaal deur dit wat in Suid Afrika plaasvind, omdat meeste produkte van Suid Afrika ingevoer word. Hulle kry net soos ons hier in Suid Afrika swaar as gevolg van die wêreldekonomie. Dit is maar soos hier by ons 'n stryd om oorlewing.

Versoek

Ons versoek is dat indien u van Gereformeerde lidmate in Zambië weet, kontak my of die kerkkantoor van Thabazimbi, en laat hulle kontakbesonderhede daar, sodat ons hulle moontlik kan besoek, en reëlings tref oor waar die volgende diens is. Ons sien uit om hulle daar te ontmoet. DK

Frik en Toetie du Preez met Truter du Preez, Gertruida Waldek en al Frik en Toetie se kleinkinders. Hulle woon almal op Chisamba. Twee van die kleinkinders kuier vanuit Suid-Afrika.

Finalejaar teologiese studente 2017

STEPHANU EN ALETIA DE VILLIERS

Ek is gebore en het grootgeword in Swakopmund, Namibië. In 2009 het ek in die Geref. Kerk Walvisbaai/Swakopmund belydenis van geloof afgelê en in 2010 het ek te Namib Hoërskool gematrikuleer.

Ná skool is ek vir 'n jaar Australië toe, waar ek op 'n skaap- en koringplaas gewerk het. Hierna het die Here my geroep om ’n predikant in die GKSA te word. Ek is baie lief vir alle sportsoorte, tans speel ek graag muurbal.

In April 2016 is ek met Aletia getroud, ‘n plaasmeisie van Nylstroom. Sy het Pastorale Berading en Sielkunde studeer en is tans besig met haar nagraadse onderwyssertifikaat. Sy is baie lief daarvoor om met kinders te werk en gee vir die afgelope drie jaar perdeterapie vir kinders met gestremdhede.

Saam is ons baie lief vir die rustigheid en skoonheid van die natuur. Ons deel ook 'n groot liefde vir diere. Gevolglik het ons twee honde (Lika en Lucy) en een kat (Lily). Ons is opgewonde en afwagtend om te gaan dien daar waar die Here ons wil gebruik.

KOSIE EN CARLIZÉ HENNING

Ek het grootgeword, skoolgegaan en in 2011 gematrikuleer in Nylstroom. Ek het in die Geref. Kerk Nylstroom belydenis van geloof afgelê. Ek het direk na skool geroepe gevoel om teologie te studeer. Ek was die volle tyd van my studies in die Geref. Kerk Cachet.

In die afgelope ses jaar het die Here deur middel van my studies, my vriende, my ampswerk in Cachet en hoofsaaklik sy Woord met my gewerk en in my 'n ywer bewerkstellig om te dien in sy koninkryk.

Ek deel saam met my familie 'n liefde vir sport, in my vrye tyd neem ek graag deel aan gewigoptel.

In Maart 2016 het ek in die huwelik getree met Carlizé, die meisie wat ek al van Graad 10 af my nooi noem. Sy is tans 'n onderwyseres in Orkney by Western Reefs Primary. Sy het 'n besonderse gawe met kinders, veral individueel.

Saam is ons baie lief vir die natuur, ons stokperdjie is staproetes . Ons is baie lief daarvoor om ’n paar dae in die natuur deur te bring.

Ek en Carlizé sien uit om te dien waarheen die Here ons roep.



VICKUS VAN JAARSVELD

Ek is in 1975 gebore, en het in Klerksdorp my skoolloopbaan voltooi. Na matriek het ek onderwys gestudeer in PotcheFstroom. Ek was vir vyf jaar in die meubelbedryf, en drie jaar in die onderwys, voor ek my eie sekuriteitsbesigheid gekoop het in Harrismith.

Ek en my vrou, Louret is in Maart 2016 getroud. Sy het in die Oosrand grootgeword, en is al vir 13 jaar 'n reisagent. Ons is albei baie lief vir die buitelewe. Ek is mal oor sport, en speel graag gholf.

Ons is albei baie opgewonde oor die bediening, en kan nie wag om te sien waar die Here ons wil gebruik nie.

WOUTER, JOZELLE EN ZELMI SMIT

Ons is ’n liefdevolle, geseënde gesinnetjie van drie. Ons bly tans in Potchefstroom, waar ek en Jozelle in 2010 as eerstejaars ingetrek het. Na 'n ontmoeting in die Hebreeuse klas is ons in 2013 getroud. 26 Januarie 2016 is die hoogtepunt van ons tyd in Potchefstroom, die dag waarop ons pragtige meisiekind gebore is. Daarna het ons die besige sosiale lewe verruil vir teepartytjie hou en bal speel. Gelukkig is daar altyd ook 'n tydjie vir my gunsteling tydverdryf, 'n vleisie op die kole. Tyd saam met familie en vriende is vir ons baie belangrik.

Zelmi is dol oor Minnie Muis en enige speletjie waar sy met of in water kan speel. Sy is so besig soos enige amper twee jaar-oue lyfie moontlik kan wees. Sy is 'n sonskynkind en deel graag drukkies uit. Definitief ons harte se punt en tyd saam met haar is ons hoogste prioriteit en plesier.

My vrou is oorspronklik van Vanderbijlpark. Sy is tans 'n tuisbly-mamma en ook 'n locum-dosent vir die Fakulteit Teologie by die NWU se eenheid vir oopafstandleer. Sy het pastorale berading studeer en sal DV in 2018 haar onderwysdiploma voltooi. Sy is 'n boekwurm van formaat en skryf ook vir die *Vroueblad* en *Kruispad*. Onlangs het sy begin hekel, maar ons werk nog daaraan.

Ek is in Newcastle gebore, maar het grootgeword in die Kaap. Na skool het ek IT studeer en in 2010 geroep gevoel om teologie te kom studeer. Na 'n vol studentelewe waarin ek my Skepper opnuut leer ken het, myself beter leer ken het, getrou het en die mees geseënde status van pappa bereik het, sien ek met opgewondenheid uit na die bediening. Ek is passievol oor die GKSA en ons leer. Dit sal vir my 'n eer wees om voltyds in die diens te staan van ons Hemelse Vader.



DANIËL MYBURGH

Ek het in Potgietersrus (Limpopo) grootgeword en is baie lief vir die Bosveld. Ek het vir twee jaar B.Sc. by die NWU studeer, waarna ek die roeping ontvang het om Teologie te studeer. Ek het my studiejare by die Teologiese Skool baie geniet.

In 2014 het ek en Roné mekaar ontmoet en ons is in Desember 2016 getroud. Roné het in Potchefstroom skoolgegaan en het Regte (LLB) studeer. Sy beplan om DV 2018 met haar klerkskap te begin. Ons hou daarvan om tyd in die natuur te spandeer en om in die middae met ons twee honde te gaan stap. Ek geniet dit om tuin te maak en ons braai graag oor naweke.

Ek is die afgelope tyd baie bewus van my roeping en sien uit daarna om in die gemeente diensbaar te wees.